

freshkerk
NES JY IS


MARKUS
Johannes
fresh
NES JY IS, WAAR JY IS


**Het jy dalk storms in jou lewe?**

**Iets wat opduik, iets waarvoor jy nie voorbereid is nie, iets wat jou laat wonder waarheen nou?**

**Hierdie storms duik op wanneer jy dit die minste verwag, en dan moet jy daarmee ’deal’…**

**Vandag kyk ons na waar Jesus die storm stil maak.**

# Lees Markus 3 saam deur.



**Wat staan vir jou uit in hierdie gedeelte?**

**Sien jy watter rowwe dag Jesus gehad het?**

**In Markus 4 begin Jesus die menigde leer deur gelykenisse aan hulle te vertel, en dan gebeur hierdie storm.**

**Lees Markus 4:35-41**

# Markus 4:35-41

# Jesus maak die storm stil

**35Laat daardie middag sê Jesus vir sy dissipels: "Kom ons vaar
oorkant toe."**

**36Hulle het toe die mense wat daar was, daar laat bly en Hom
saamgeneem in die skuit waarin Hy gesit het. Daar was ook nog
ander skuite by. 37Skielik het daar 'n groot storm losgebars, en
die golwe het in die skuit geslaan, sodat die skuit al begin vol
word het.**

38Jesus het op die bank in die agterstewe gelê en slaap. Hulle
maak Hom toe wakker en sê vir Hom: “Meneer, gee U dan nie
om dat ons vergaan nie?”

39Toe staan Hy op, bestraf die wind en sê vir die see: “Hou op!
Bedaar!”

Die wind het gaan lê en daar het 'n groot stilte gekom. 40Toe
sê Hy vir hulle: “Waarom is julle bang? Het julle dan nie geloof
nie?”

41Hulle is met groot ontsag vervul en het vir mekaar gesê:
“Wie kan Hy tog wees dat selfs die wind en die see Hom
gehoorsaam?”




Bespreek elke vers met mekaar.

Wat sien jy raak in dit wat gebeur?

Wat sien jy raak in hoe die dissipels reageer?

Wat sien jy raak in wat Jesus sê en doen?

Sien jy die strom in die harte van die dissipels raak?



# pephimoso (πεφίμωσο)

**Hierdie word word net 2 keer in die Bybel genoem. Hier waar Jesus die wind en die see bestraf, en in Markus 1:24, waar Hy die onrein gees in die man bestraf.**

# Markus 1:23-26

23Op daardie oomblik was daar in hulle sinagoge 'n man wat
van 'n onrein gees besete was. Hy het uitgeskreeu: 24“Wat het
ons met U te doen, Jesus van Nasaret? Het U gekom om ons te
verdelg? Ek weet goed wie U is; U is die Heilige van God!”
25Maar Jesus het hom skerp aangespreek: “**Bly stil** en gaan uit
hom uit.”
26Die onrein gees het die man stuiptrekkings laat kry, hard
geskreeu en toe uit hom uitgegaan.



# pephimoso (πεφίμωσο)

**Die dissipels was by beide geleenthede, en hulle het gesien hoe Jesus gesag het oor die natuurlike, asook oor die geestelikke.**


Dink nou weer aan die storms in jou lewe. Dink ook aan die storms in jou hart. Besef en weet dat Jesus saam met jou in jou lewens-boodjie is, en dat Hy nie meer slaap nie. Hy regeer, Hy het gesag, Hy sal jou red.

# Psalm 121

Ek kyk op na die berge: waarvandaan sal daar vir my hulp kom?

2My hulp kom van die Here wat hemel en aarde gemaak het.

3Hy sal nie toelaat dat jy struikel nie; Hy wat jou beskerm, slaap nooit nie.

4Waarlik, die Beskermer van Israel sluimer nie in nie en Hy slaap nie.

5Die Here beskerm jou, die Here bewaar jou van alle gevare.

6Bedags sal die son jou nie steek nie en snags sal die maan jou nie kwaad doen nie.

7Die Here sal jou beskerm teen alle gevaar, jou lewe sal Hy beskerm.

8Hy sal jou beskerm waar jy ook gaan, nou en vir altyd.


fresh
NES JY IS, WAAR JY IS